**Froise, Marjorie (ed) 1996/7 — South African Christian Handbook**

Welkom: Christian Info. 333 Bladsye. Prys: Onbekend

**Resensent: Dr Fanie Pretorius (Pretoria)**

Die boek bevat drie dele. Deel 1 handel oor die kerk in konteks. Kort paragrawe handel oor Suid-Afrika — 'n land van veranderings. Onder hoof 'veranderings' word daar onder meer gehandel oor die veranderings in politieke struktuur, bevolking struktuur, sosiale struktuur en binne kerkverband. Die geskrewe teks word telkens met grafieke en sketse toegelig. 'n Slotparagraaf handel oor Suid-Afrika, 'n land van kontraste. Die deel is insiggewend en bied baie stof tot nadenke.

In Deel 2 word statistiese gegewens deurgegee oor 'n hele aantal kerke en geloofsgroepe in Suid-Afrika. Die gegewens van die drie susterkerke word saamgevat onder die hoof: Dutch Reformed Church. Skynbaar word net met die getalle van die Nederduitse Gereformeerde Kerk rekening gehou.

Hierna volg statistieke oor denominasies, Protestandse Sendinggenootskappe en teologiese opleidingsentra.

In die addendums 1 tot 4 word kortliks op 'n paar bladsye baie insiggewende inligting deurgegee oor feitlik die meeste kerkgroepe in Suid-Afrika, oor gemeentelike statistieke, sending in ander lande, historiese naamsveranderings en sensusverslae.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In deel 2 word adresse, faksnommers, kontakpersone en gegewens oor feitlik alle kerkgroepe en evangelisasie- en opleidingsentra weergegee.

Vanaf bladsy 60 tot 288 word die volgende deurgegee:

* *Evangelisasie- en opleidingsentra*

* *Sendinggenootskappe en organisasies*
  — wat in SA werk met hoofkantore oorsee
  — wat in SA werk met plaaslike hoofkantore
  — werwing- en fondsinsamelingsorganisasies
  — sendingleiers
  — sendingnetwerke
  — godsdienstige ordes

* *Christelike opvoedingsliggame*
  — seminaries, teologiese- en Bybelkolleges
  — opleidings kolleges en deeltydse Bybelskole
  — korrespondensiekolleges
  — Christelike skole

* *Media*
  Hieronder
  — boekwinkels
  — drukkers en groothandelaars
  — verspreiders
  — publikasies
  — media opleiding

* *Diensagentskappe*
  Hieronder
  — noodleniging- en ontwikkelingsagentskappe
  — tehuise en spesiale skole vir gestremdes
  — alkohol- en dwelm rehabilitasiesentra
  — beradingsdienste
  — dienste aan kerke en organisasies gelewer

* *Leierskap*
  Hieronder
  — opleiding van leierskorps
  — kinderbediening
  — jeug- en studentebediening



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* *Huisvesting*

  Hieronder

  — konferensiesentrums
  — gastehuise vir predikante en sendinggroepe
  — huise vir bejaardeversorging
  — kinderhuise
  — jeugtuistes
  — toevlugsoorde vir mense met besondere probleme
  — behandelingsoorde vir terminale pasiënte

Die boek sluit af met 'n uitmuntende indeks van alle organisasies en 'n ewe volledige indeks van persone wat aan die kerklike organisasies, tehuise, en dies meer verbonde is.

Die boek sal van groot waarde wees vir gebruik by kerkkantore, argiewe, biblioteke en ander inligtingsentrums en beslis waardevol om te besit.